## **Is die uitverkiesing van God onregverdig?**

Omdat die Bybel pertinent praat van uitverkiesig, is dit deur die eeue 'n groot kwessie en baie boeke is daaroor geskryf, menings is daaroor gelig en vergaderings daaroor gehou: Waaroor gaan die uitverkiesing, wie is uitverkies en tot watter voordeel?

Die Skepper van die hemel en die aarde, wat ook die argitek en beplanner van dit alles was, is die Een wat uitverkies. Hierdie uitverkiesing van Hom het egter al lank voor die skepping van die mens gebeur en die optrede van mense het nie 'n invloed daarop gehad nie.

Jakob en Esau was twee broers en tog was Jakob uitverkies, maar sy broer Esau nie. Hierdie uitverkiesing het gebeur nog voordat hulle in 'n embrio-stadium was, met ander woorde, nog voordat hulle in hulle moeder se skoot was.

Omdat die Skepper sê dat Hy Esau gehaat het nog voordat hy gebore was, nog voordat hy goed of kwaad kon doen, lyk dit of daar iets met Esau voor sy geboorte gebeur het.

As God hom gehaat het nadat hy baie sondig gelewe het, sou dit sin gemaak het, maar hy was verwerp sonder enige verkeerde dade op aarde, terwyl Jakob se lewe nie juis reguit of vlekkeloos was nie, maar tog verklaar God sy liefde tot Jakob en maak met hom 'n verbond en kies hom en sy nageslag uit om hulle God te wees.

As daar dan geen aanklag teen Easu is betreffende sy lewe op aarde nie, terwyl God hom van die heel begin af haat, dan is daar dalk 'n fout deur God begaan, of dalk is die Bybel verkeerd geskryf, of dalk het ons self nog net altyd hierdie gebeurtenis vermy asof dit nie gebeur het nie, of dat dit glad nie belangrik is nie.

Die probleem wat ons met hierdie gebeurtenis het, is dat dit indruis teen die teologie van die dag en dat daar bykans geen leraar is wat dit ondesteun, of verkondig nie.

Dit word hanteer asof God 'n fout begaan het. Ons sal dit maar oorsien en maak of dit nie gebeur het nie.

Omdat hierdie verduideliking tussen Esau en Jakob in die brief aan die Romeine gedoen word, kan dit nie afgemaak word as iets wat voor die "kruis" gebeur het nie. In Romeine 9 verklaar die Bybel dat God vir Esau gehaat het nog voor die grondlegging van die aarde en nêrens in die Bybel word 'n aanduiding gegee dat God se siening ná die "kruis", daaroor verander het nie.

Die implikasie van die uitverkiesing is dat God sommige mense liefhet voor die grondlegging van die aarde, maar sommige nie. Die verdere implikasie is dat al die evangelisasie en kerkbyeenkomste deur die wêreld, hulle teologie sal moet heroorweeg en hersien, want dit sê juis die teenoorgestelde as wat God oor sy liefde sê.

Ons is baie gou om God op die vingers te tik en Hom te beskuldig dat Hy onregverdig is, want óns voel dit is onregverdig en daarom wil ons opkom vir die mense wat ons voel te nagekom is omdat hulle nie uitverkies is nie, maar het ons die reg om dit te doen?

Meestal is ons ook nét besorgd oor die mense wat saam met ons lewe, veral oor die met wie ons kontak het, maar hulle wat in die ou verbond gelewe het, kry nie so baie simpatie van ons af nie. As

ons dink aan die Egiptenare wat nie uitverkies was nie, is dit so vêr en vaag, dat dit ons bykans nie meer pla nie.

As dit dan onregverdig van God is om sommige mense nie uit te kies nie, waarom is dit dan nie onregverdig van Hom om die gevalle engele nie ook uit te verkies het nie, want die ironie is, is dat die mense wat nie uitverkore is nie, vir ons ‘n geweldige probleem is, maar die gevalle engele wat teen God gesondig het, wat ook nie uitverkies is en geen geleentheid vir genade het nie, pla ons nie.

Die vraag of die uitverkiesing onregverdig is, kan die maklikste beantwoord word as ons van buite na die situasie kyk:

As ‘n jy ‘n honderd kilometer na Pietersburg se kant toe ry om jou pa met ‘n stukkende voertuig te help, is dit onregverdig van jou as jy nie ook die persoon met die stukkende voertuig op die Bloemfontein-pad help nie?

So is God se verlossing tot die mens ook. Hy hoef niemand te red nie, want almal het gesondig en verdien die dood. As Hy dan nou net die mense red vir wie Hy liefhet, deur sy lewe vir hulle af te lê, is Hy dan onregverdig?